SABIO

South African Bee Industry Organisation

PO Box 14840
Hatfield
0028

www.sabio.org.za

DIE INVOER VAN HEUNING

Afri Compliance het dit onder SABIO se aandag gebring dat daar waarskynlik heelwat ongerymdhede met die invoer van heuning plaasvind. Na twee vergaderings van SABIO bestuurslede met Afri Compliance het Afri Compliance voorgestel dat 'n volledige oudit van die heuning invoere gedoen moet word. Die ondersoek sal in drie fases hanteer word en behels die volgende:

FASE 1:

- Dat 'n oudit in die Heuning bedryf gedoen word, wat as 'n eerste fase insluit navorsing insake invoere van heuning oor die afgelope jaar en die identifisering van verdagte invoerders ; en
- 'n konsultasie na afloop van die navorsing met SABIO om die resultate en die pad vorentoe te bespreek.
- Tydsverloop : Ongeveer 2 tot 3 weke.

FASE 2:

- Verwerking van inligting, wat insluit die verifiering van individuele invoertransaksies, bronne (land van oorsprong) en FOB waardes;
- Daarna word vasgestel of invoertariewe betaal is en of daar enige afwykings is wat betref die doelkodes waaronder invoere verklaar is.
- Verifiering van invoere met bestralingsaanlegte.
- Profilering van verdagtes, wat oortredings insluit.
- Identifisering van moontlike alternatiewe metodes van optrede teen verdagtes.
- Konsultasie met SABIO om optrede en die pad vorentoe te finaliseer.
- Tydsverloop : Ongeveer twee tot drie weke

FASE 3:

- Na aanleiding van die resultate met die eerste fase, word finaal besluit watter optrede gevolg word (in konsultasie met SABIO).

Gauteng Office : **T**: (012) 548 7433 **F**: 086 685 3305 **C**: 083 429 8693 **E**: hans@sabio.org.za
Western Cape Office : **T**: (028) 722 1823 **F**: (028) 722 1823 **C**: 083 270 4035 **E**: john@honeywoodfarm.co.za

- Enigeen, of ‘n mengsel van onderstaande optredes kan dan gevolg word :

- Statutêr via die Department van Landbou (permit vereistes en ander voorwaardes)

- Via Departement van Gesondheid in terme van moontlike nie-bestraling risikos vir menslike gesondheid;

- Via SARS Doeane en Aksyns roete in geval van wanverklarings, insluitend voorlegging insake waardebepaling;

- Via SARS BTW roete in geval van moontlike oortredings wat verband hou met nie betaling van tariewe en belastings.

- Sodra afgehandel besluit ons dan saam oor die nodige persdekking wat ook as addisionele afskrikmiddel kan dien.

Afri Compliance beskou hul werk as afgehandel sodra bewys gelewer word dat die saak aan die betrokke owerhede oorhandig is vir verdere optrede. Afri Compliance monitor ook die vordering van die owerhede namens SABIO.

Die kostes vir die drie fases van die ondersoek beloop soos volg:

FASE 1 : R 20 000,00 (E)

FASE 2 : R 20 000,00 (E)

FASE 3 : R 25 000,00 (E)

SABIO bestuur voel dat dit ‘n saak van nasionale belang is en dat dit noodsaaklik is om so ‘n ondersoek te laat doen. Dit raak die volhoubaarheid van alle byeboerderye en verwante bedrywe in Suid Afrika.

U word dus versoek om dringend binne vermoë bydraes te maak sodat ons hierdie taak kan aanpak.

Bydraes kan in die volgende rekening gedeponeer word:

SABIO

ABSA Kolonade

Tak: 501 045

Rek: 404 918 2946

N.s. merk bydraes duidelik “Heuning Invoere”; “ Honey Importation”

Ter inligitng: SABIO ondersteun die invoer van gehalte heuning na Suid Afrika om ons tekorte aan te vul. Dus is hierdie nie ‘n heksejag nie, maar in belang van Suid Afrika moet die regte prosedures gevolg word.